# VERGETE PAAIE

## Deel 2 – Die Pad van Reinheid

### Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

**Hoe getrou was jy aan die EEN TREE wat jy wou gee die afgelope week?**

### Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Het jy jouself al ooit in 'n situasie bevind waar mense verkeerde optrede aanspreek deur iets soos die volgende te sê: "*'n Van der Merwe tree nie so op nie*" of "*mense wat deel is van hierdie organisasie tree nie so op nie*"? Vertel jou groep daarvan. Hoekom dink jy verbind mense identiteit en korrekte optrede?**

**Hoekom dink jy is mense geneig om hulle foute en swakpunte weg te steek, eerder as om vir hulp te vra?**

**1 Petrus 5:8 sê dat die duiwel soos 'n brullende leeu rondsoek na iemand om te verslind? Watter maniere dink jy gebruik die duiwel vandag om mense se lewens te verwoes?**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die volgende vrae:**

**Genesis 4:7. Hoe voel jy oor die feit dat die sonde ons inwag en die duiwel spesifieke planne vir jou val beraam?**

**Johannes 10:10. Wat beplan die duiwel vir ons lewe? Wat beplan Jesus vir ons lewe?**

**Efesiërs 5:1-5. Wat dink jy beteken, "daar moet nie eers sprake" van onreinheid wees nie? Dink jy dis nog moontlik? Verduidelik jou antwoord.**

**1 Petrus 1:14-15. Hoe dink jy lyk dit as jou hele lewenswandel heilig is?**

**Jakobus 1:12-15. Hoe sal jy in jou eie woorde die pad van versoeking tot sonde beskryf volgens hierdie gedeelte?**

**1 Korintiërs 10:13. Wat dink jy beteken die beloftes in hierdie vers? Hoe kan dit prakties uitspeel in jou lewe?**

**In die preek is 4 dinge genoem wat jy moet doen om uit 'n siklus van sonde te kom: *1) Vlug; 2) Wees Verantwoordbaar; 3) Neem Voorsorg; en 4) Maak Jesus Here*. Watter van hierdie stappe moet jy sterker implementeer in jou eie lewe? Watter van hierdie stappe was vir jou nuut?**

**Lees Psalm 19:13-15. Hoe kan jy hierdie in jou eie woorde bid en hoe kan jy jouself gereeld aan hierdie gebed herinner?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**